

PSG

# B-Wise

**REDAKSIONEEL: RONALD N KING**

## BEGROTING BELASTINGVOORSTELLE 2014

### BELASTINGKOERSE

Die voorgestelde belastingtable verskaf gedeeltelike verligting teen inflasie:

| Individue en spesiale trusts | |
|---|---|
| Belasbare Inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
| 0 – 174 550 | 18% van elke R1 |
| 174 551 – 272 700 | 31 419 + 25% van bedrag bo 174 550 |
| 272 701 – 377 450 | 55 957 + 30% van bedrag bo 272 700 |
| 377 451 – 528 000 | 87 382 + 35% van bedrag bo 377 450 |
| 528 001 – 673 100 | 140 074 + 38% van bedrag bo 528 000 |
| 673 101 en meer | 195 212 + 40% van bedrag bo 673 100 |

The primêre korting verhoog tot R12 726 terwyl die sekondêre korting vir belastingpligtiges ouers as 65 verhoog tot R7 110. Die derde korting vir belastingpligtiges ouer as 75 is verhoog tot R2 367. Dit beteken dat die belastingdrempels as volg daar uitsien:

| | |
|---|---|
| Persone jonger as 65 | R70 700 |
| Persone tussen 65 en 75 | R110 200 |
| Persone ouer as 75 | R123 350 |

Die belastingkoers vir maatskappye bly onveranderd op 28% en die koers vir trusts wat nie spesiale trusts is nie, bly op 40%. ‘n Klein aanpassing aan die belastingskale vir klein sake ondernemings is gemaak, maar met ‘n aantal voorstelle van die Davis kommissie wat na beraadslaging geimplementeer sal word, is geen verdere veranderings daaraan of aan die omsetbelasting op mikro besighede gemaak nie.

### RENTE VRYSTELLING

Die rente vrystelling bly onveranderd op R23 800 en R34 500 vir belastingpligtiges ouer as 65. Die belastinggunstige spaarrekening sal uitgerol word met ’n maksimum jaarlikse bydrae van R30,000. Die rekening wat aangebied sal word deur banke, batebestuurders, lewensversekeraars en makelaars, sal mag belê in bank deposito’s, effektetrusts, ETF’s en kleinhandel staatseffekte. Geen belasting op rente, dividende of kapitaalwinste sal in die rekening gehef word nie.

Filiale van die PSG Konsult Groep is goedgekeurde finansiële diensteverskaffers

Die opinies in hierdie dokument is dié van die skrywer en nie noodwendig die van PSG nie. Dit verteenwoordig nie advies nie. Alhoewel hoë sorg geneem is in die navorsing en voorbereiding van hierdie nuusbrief, kan geen verantwoordelikheid geneem word vir enige optrede gebaseer op inligting in hierdie nuusbrief nie. Kontak derhalwe ‘n adviseur indien u enige verdere inligting verlang of vir persoonlike advies.

## DIVIDENDBELASTING

Die belasting op dividende bly op 15% betaalbaar deur die belastingpligtige, maar teruggehou deur die maatskappy of agent. Die effektiewe belastingkoers op buitelandse dividende bly op 'n maksimum van 15%.

## KAPITAALWINSBELASTING

KWB insluitingskoerse bly op 33.3% vir individue en spesiale trusts en 66.6% vir trusts en maatskappye. Die maksimum KWB koers vir individue en spesiale trusts is derhalwe 13.3% vir trusts 26.7% en vir maatskappye 18.6%.

Geen KWB vrystellings was verhoog nie:

- Die jaarlikse vrystelling is R30,000
- Die vrystelling by dood is R300,000
- Die primêre woning uitsluiting is R2m
- Die uitsluiting op die vervreemding van 'n klein sakeonderneming is R1.8m for eienaars ouers as 55.

## MEDIESE BELASTINGKREDIETE

The mediese belastingkrediet vir die eerste twee begunstigdes verhoog tot R257 per maand per begunstigde en R172 per maand vir elke verdere begunstigde. Die bedrag van die addisionele mediese belastingkrediet is:

a) waar die persoon ouer as 65 is of waar die persoon, sy of haar gade of kind ongeskik is, 33.3% van wat sy of haar mediese fonds bydraes meer is as drie maal sy of haar belastingkrediet plus 33.3% van alle kwalifiserende mediese uitgawes nie gedek deur die mediese fonds nie, of in elke ander geval;

b) soveel as wat 25% van wat sy of haar mediese fonds bydraes meer is as vier maal sy of haar belastingkrediet plus 25% van alle kwalifiserende mediese uitgawes nie gedek deur die mediese fonds nie, 7,5% van die persoon se belasbare inkomste oorskry (uitgesluit enkelbedrae van aftreefondse en skeidingspakkette).

## AKSYNSBELASTING

Eaksynsbelasting word as volg verhoog:

- Beer – verhoog met R1.17 per blikkie tot 'n totaal vanR68.92 per liter
- Spiritalieë – verhoog met R4.76 per bottel tot 'n totaal van R137.54 per liter
- Sigarette - verhoog met 68c per pakkie van 20 tot 'n totaal van R11.60
- Brandstofheffing – verhoog met 12c tot 224.50c
- Pad ongelukkefondsheffing – verhoog met 8c tot 104c

## ANDER VERANDERINGS

Koolstofbelasting word uitgestel tot 2016.

## AFTREEFONDS BYDRAE & BELASTING OP ENKELBEDRAE

Vanaf die 1ste of Maart 2015 sal bydraes deur die werkgewer en werknemer belastingaftrekbaar in die hande van die werknemer wees, met die werkgewer se bydrae 'n belasbare byvoordeel. Aftrekkings sal beperk wees tot 27.5% van die hoogste van salaris of belasbare inkomste. Jaarlikse aftrekking sal beperk wees tot R350 000.

Vanaf die 1ste Maart 2014 word enkelbedrae as volg belas:

| Voor aftrede belasting op enkelbedrae | |
|---|---|
| Belasbare bedrag (R) | Belastingkoers (R) |
| 0 – 25 000 | 0% |
| 25 001 – 660 000 | 18% van bedrag bo 25 000 |
| 660 001 – 990 000 | 114 300 + 27% van bedrag bo 660 000 |
| 990 001 en meer | 203 400 + 36% van bedrag bo 673 100 |

| Aftrede belasting op enkelbedrae | |
|---|---|
| Belasbare bedrag (R) | Belastingkoers (R) |
| 0 – 500 000 | 0% |
| 500 001 – 700 000 | 18% van bedrag bo 500 000 |
| 700 001 – 1 050 000 | 36 000 + 27% van bedrag bo 700 000 |
| 1 050 001 en meer | 130 500 + 36% van bedrag bo 1 050 000 |

Groetnis

**Ronald N King**